NUUS | SAOU | NEWS

GAUTENG

Blitz 10/2017 : 31/01/2017

Tel 086 072 6843 / 012 436-0900
E-pos/email saougau@saou.co.za

OPLEIDING / TRAINING

1. **Saterdag/Saturday 18 Feb 2017**
   Hoërskool Transvalia, Vanderbijlpark : 09:00 – 12:00

   Dissipline in klaskamer en take en verpligtinge van HOD en Vakhoofde in die hoërskole / Dealing with discipline in the classroom and tasks and responsibilities of the HOD and Subject Heads in the high school
   Sien volledige inligting hieronder / See details below

2. **Saterdag/Saturday 18 Feb 2017**
   Laerskool Frikkie Meyer, Vanderbijlpark : 09:00 – 12:00

   Laerskole : Die X-faktore van leierskap in Suksesvolle Skole / Primary Schools : The X-factors of leadership in Successful Schools
   Sien volledige inligting hieronder / See details below

OPLEIDING : DISSIPLINE IN KLASKAMER EN TAKE EN VERPLIGTINGE VAN HOD EN VAKHOOFDE IN DIE HOëRSKOLE

Datum: Saterdag 18 Februarie 2017

Tyd: 09:00 – 12:00

Plek: Hoërskool Transvalia, Vanderbijlpark

Koste: SAOU-lede R61-00 en nie-lede R101-00

Sluitingsdatum : 8 Februarie 2017

1. Die hantering van dissipline in die klaskamer – 1 uur

Die hantering van dissipline in die klaskamer word daagliks moeiliker. Hierdie kursus gee praktiese wenke in terme van wat jy **nie moet doen nie**. Die SAOU regsafdeling hanteer gereeld sake waar ons lede in die moeilikheid is as gevolg van verkeerde optrede in hierdie verband. Die kursus lig uit wat wel **wettiglik gedoen kan word** om dissipline te handhaaf.

Veel belangriker help hiérdie kursus met **praktiese wenke** om die dissipline in die klaskamer op die korrekte wyse te hanteer. Die kursus help onder andere met die opstel van 'n eie klaskamer dissipline plan en verduidelik die konsepte van pro-aktiewe vs. re-aktiewe respons.

Die kursus fokus verder op **professionele optrede** en etiek in die onderwys.

Toepaslik vir laer- en hoërskool onderwysers.

2. Take en verpligtinge van die HOD en Vakhoofde in die Hoërskool – 2 ure

Temas wat hanteer word sluit in: Leierskap, bestuur, mentorskap, organisasie, beleide, kommunikasie, kontrole, assessering, professionele etiek en die hantering van konflik.

Verrykend vir vakhoofde, departementshoofde of senior onderwysers wat streef na 'n bevorderingspos.

Sat 18 Feb – Hoërskool Transvalia, Vanderbijlpark - Registreer op die webblad / Register online

TRAINING : DEALING WITH DISCIPLINE IN THE CLASSROOM AND TASKS AND RESPONSIBILITIES OF THE HOD AND SUBJECT HEADS IN THE HIGH SCHOOL

Date: Saturday 18 February 2017

Time: 09:00 – 12:00

Venue: Hoërskool Transvalia, Vanderbijlpark

Cost: SAOU members R61-00 and non members R101-00

Closing date: 8 February 2017

1. Dealing with discipline in the classroom

*This course gives practical tips in terms of what you should **not do**. The course also highlights how to deal with discipline in the classroom – professionally and legally. Professional conduct and ethics in education are given special emphasis. Appropriate for primary and high school teachers.*

2. Tasks and responsibilities of the HOD and subject heads in the high school

Themes covered are leadership, management, mentoring, organization, policies, communication, monitoring, assessment, professional ethics and conflict resolution.

Enriching for subject heads, department heads and senior teachers who aspire to be promoted.

OPLEIDING : LAERSKOLE : DIE X-FAKTORE VAN LEIERSKAP IN SUKSESVOLLE SKOLE

Datum: Saterdag 18 Februarie 2017

Tyd: 09:00 – 12:00

Plek: Laerskool Frikkie Meyer, Vanderbijlpark

Koste: SAOU-lede R61-00 en nie-lede R101-00

Sluitingsdatum : 8 Februarie 2017

Hierdie opleiding vra 'n paradigmaskuif rakende die onderwysberoep se siening van prestasie en sukses.

Die inligting spreek leierskap aan, nie net m.b.t. skoolhoofde en skoolbestuurspanne nie, maar sal ook vir lede van die Beheerliggaam en alle onderwyspersoneel van onskatbare waarde wees omrede werksetiek, professionaliteit in die onderwys, sosiale interaksie tussen personeel, waarde van tydsbestuur en erkenning aan personeel pertinent aangespreek word.

Laerskole : Die X-Faktore van Leierskap in Suksesvolle Skole

Die soeke na die X-faktore wat sukses in laerskole waarborg, het die fokus opnuut geplaas op professionele optrede en gefokusde leierskap van die hoof/skoolbestuur.

Die volgende aspekte word met bemagtiging aangespreek:

- Erkenning binne skoolstrukture en die invloed van wedersydse vertroue, lojaliteit, werksetiek en 'n positiewe gedragskultuur.
- Die rol van ouers, die gemeenskap en die beheerliggaam.
- Eienaarskap – Ek WIL hier werk versus ek MOET hier werk.
- Suksessiebeplanning, uitgebreide leierskapstrukture en personeelontwikkeling.
- Mentorskap- en internskapprogramme.
- Dink uit die boks! Klasindelings en huiswerk.

- Dissipline en waardes.
- Die rol van voederskole.
- Beleide, CAPS en afhandeling van die kurrikulum.

Sat 18 Feb – Laerskool Frikkie Meyer, Vanderbijlpark – Registreer op die webblad / Register online

TRAINING : PRIMARY SCHOOLS : THE X-FACTORS OF LEADERSHIP IN SUCCESSFUL SCHOOLS

Date: Saturday 18 February 2017

Time: 09:00 – 12:00

Venue: Laerskool Frikkie Meyer, Vanderbijlpark

Cost: SAOU members R61-00 and non members R101-00

Closing date: 8 February 2017

Primary Schools : The X-factors of leadership in Successful Schools

The quest for the X-factors that guarantee success in primary schools has once again placed the focus on the professional conduct and focused leadership of the principal and school management.

The following aspects are addressed in this training:

- *Recognition within school structures and the impact of mutual trust, loyalty, work ethics and a culture of positive behaviour.*
- *The role of parents, the community and the governing body in terms of success.*
- *Owernership – I WANT to work here versus I MUST work here.*
- *Planning for success, extensive leadership structures and staff development.*
- *Mentorship and internship programs.*
- *Creative thoughts on homework and the grouping of learners in classes.*
- *Discipline and values.*
- *The role of feeder schools.*
- *Policies, CAPS and completing the curriculum.*

Copyright © 2016 SAOU GAUTENG, All rights reserved.

Our mailing address is:
Tel: 086 072 6843 / 012 436-0900
E-pos / Email: saougau@saou.co.za

*Please take note: Should you wish to unsubscribe from the list, you will no longer receive any newsletter related correspondence from the SAOU!
*Neem asb. kennis: Indien u kies om uit te teken van die lys, sal u geen verdere nuusbrief verwante kommunikasie van die SAOU ontvang nie!